

Nuusbrief 181

10 Oktober 2012



Geagte Lede

Vermindering van gevaarlike afval in verduursamingsaanlegte asook kostes vir die verwydering daarvan

Die verwydering van gevaarlike afval by aanlegte bly steeds 'n uitdaging waarmee ons bedryf worstel om effektief aan te spreek. Tydens die laaste chemiese forum-vergadering in Julie is daar saamgestem dat SAWPA 'n gebruikshandleiding sal opstel om lede te help om gevaarlike afval in aanlegte te verminder. Kesun Govender het in 2006 'n verhandeling aangebied by die IRGWP 37-konferensie in Duitsland oor die tema en het dit aan SAWPA beskikbaar gestel vir die doel. Dit is van belang dat behandelars hul afval moet beperk. Ons het die volgende generiese handleidings uit Kesun se verhandeling geneem en ons vertrou dat dit u dit nuttig sal vind. Indien u die volledige elektroniese weergawe van Kesun se verhandeling wil bekom, kan u vir Sue kontak by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za

- Verseker dat pale vry is van los bas en dat alle hout wat behandel gaan word vry is van grond en saagsels alvorens dit op die trollies gelaai word – dit verminder afval aangesien bas en ander los materiale gekontamineer word met verduursamingsmiddel wat dan geklassifiseer word as gevaarlike afval.
- Waar van toepassing, volg die voorgeskrewe mengaanwysings wanneer oplosbare verduursamingsmiddels met water of vlugtige oplosmiddels vermeng word. In vermengings wat ander chemikalieë bevat bv. geëmulgiseerde was, kan sediment in tenks akkumuleer. Indien dit nie nagekom word nie, kan dit gevaarlike afval tot gevolg hê.
- Verseker dat leë 25 liter kanne uitgewas is en veilig gestoor word om die risiko van kontaminasie te voorkom.
- Na afloop van die finale vakuumsiklus kan residuele vloeistof op sommige hout voorkom, wat, indien gestoor word, kan afdrup en die grond kontamineer. Trollies moet op 'n ondeurdringbare drup-area gehou word binne die ommuurde area (bund) of andersins 'n afloop hê na die area. Behandelde hout moet slegs na ten minste 48 uur van die drup-area verwyder word.
- Verhoed kruis-kontaminasie tussen ou en nuwe persoonlike veiligheidstoerusting. Toerusting moet in sluitkaste gestoor wees wanneer nie in gebruik sodat dat dit nie rondlê en moontlik gekontamineer word nie.
- Ingeval van storting, maak seker dat slegs die nodige hoeveelheid saagsels vir absorpsie doeleindes gebruik word. Oormaat absorpsie materiaal vir die skoonmaak van gestorte verduursamingsmiddels vermeerder die volume gevaarlike afval. 'n Nood reaksie plan moet in plek wees wat gereeld ingeef behoort te word.
- Sommige verduursamingsmiddels veroorsaak korrosie en daarom moet voorkomende onderhoud, om lekplekke op seëls en kleppe te voorkom, gereeld gedoen word. Nalating kan oormatige kontaminasie en gevaarlike afval tot gevolg hê.
- Hou die put rondom die druksilinder skoon. Dit verhoed kontaminering van los oorblyfsels en verminder gevaarlike afval.

- Verseker dat die ommuurde area se mure ondeurdringbaar is. Dit sal help dat los grond en oorblyfsels nie gevaarlike afval word nie.
- Hou die trolliewiele en spore skoon van grond en modder. Modder akkumuleer in die druksilinder wat dan die gevaarlike afval vermeerder.
- Die dak oor die aanleg moet so ontwerp wees om nie hewige reënwater in in te laat en te laat opdam in die put-area nie.
- Wanneer dromme afgelaai word of chemikalië in grootmaat ontvang word, moet dit in die ommuurde area geskied om te verhoed dat onvoorsiene storting a.g.v. druk of dromskade plaasvind.
- Die put kan die oorsprong van gekontameneerde afval word veral wanneer wind los blare of oorblyfsels daarin waai wat addisionele kontaminasie en afval kan veroorsaak.
- Masjineer hout voor behandeling, dit verhoed dat saagsels en skaafsels gekontameneerde afval word.

Nuusbrokkies

- Aanleg te koop – indien enige iemand op soek is na 'n tweedehandse aanleg kan u vir Herman Jooste by Pretoria Timber Treaters kontak by 012 802 0009
- Moenie vergeet om vir ons u voorstelle en idees in te stuur vir die “wenslys” van dinge wat die lede wil hê SAWPA moet aanspreek of betrokke by raak (sien vorige nuusbrieff brokkies).
- Lede kan gerus die volgende eNuus skakel besoek <http://www.eneuschannel.co.za/videos/enca-students-assist-making-braai-business-safer> wat op die 1ste Oktober 2012 uitgesaai was en verband hou met die brand van houtafval deur die informele spyseniers waarvoor SAWPA al voorheen gerapporteer het. Die skakel fokus op die randsteen braaiers in woonbuurte wat deur die betrokkenheid van plaaslike ingenieurstudente veiliger gemaak word deurdat die studente die spyseniers voorsien het van 50 spesiaal ontwerpte energiebesparende houtstowe. Die stowe brand die hout teen hoër temperature wat die toksiese dele laat ontbrand alvorens dit in die lug of aan kos vrygestel word. SAWPA het ook reeds die aangehegte brosjures ontwikkel wat binnekort na die Wes Kaap verskep sal word vir verspreiding saam met sulke stowe.
- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Augustus en September was onderskeidelik 42239 en 48711. Dit is 'n 300% toename in vergelyking met die dieselfde tye in 2010 en 150% vergeleke met verlede jaar. Dit is interessant om te merk dat 23000 van die besoeke in September 2012 was van Suid-Afrikaanse domeine, 732 van Australië, 623 van Indië, 305 van die VK, 207 van Uruguay en 171 vanaf Duitsland. Die “Doen dit Self” was die meeste besoek (563), ‘Understanding Timber Preservation’ bladsy (481) en die name van verduursamers en verskaffers van behandelde hout (171). Indien u graag u maatskappy se profiel op hierdie bladsy wil lys (**geen koste vir lede**) kan u vir Sue kontak.
- Daar is 'n uitstekende video getiteld "Wood - Natures stroke of genius" vervaardig deur die Deense Hout-Inisiatief wat by die volgende skakel gesien kan word: <http://youtu.be/SQhZ14V7cGw?hd=1>

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrieff gemaak is nie.